
# 411 Salig die wat arm voor God is (Die Saligsprekinge)




Dié wat honger na wat reg is,
vind by God versadiging;
wie barmhartig langs die weg is,
deel in blydskap onderling.
Dié wat, rein van hart, Hom dien,
hulle sal die Here sien.

Hoe gelukkig vredemakers;
hul is kinders van die Heer!
Wees dan bly as jul vervolg word
om die reg en om Gods eer -
is hier smaad en spot jou loon,
groot jou eer voor God se troon.

Adriaan P. van der Colf (1933-2002) 1693, moontlik J.C. Bach (1642-1703)